Mnr Nico van der Colff

Beroep
Ek is ‘n Groepsaktuaris by Old Mutual, waar ek die Finansiële Direkteur ondersteun met alle aktuariële verslagdoening oor die groep aan die mark en reguleerders (asook beheer oor die modelle en infrastruktuur wat in daardie berekeninge gebruik word).

Opleiding
Ek het ‘n LLB by my aktuariële kwalifikasies gevoeg in 2006 omdat ek die regte en die groot impak wat dit in ons wêreld het, ook beter wou verstaan.

Gesin
Ek het ‘n wonderlike vrou (Elizbe), wat al vir jare by HS Tygerberg se gebedsgroep betrokke is, asook 3 kinders.
My oudste (Cara) is ‘n matrikulant en trotse Tier.
My seun (Niel) is ‘n graad 8-Tier vanjaar.
My jongste (Annalise) is tans ‘n graad-2 by Laerskool De Tyger.

Vorige Beheerliggaamondervinding
Ek is tans die Beheerliggaamvoorsitter by Laerskool De Tyger, waar ek al die laaste 12 jaar op die beheerliggaam dien. Deur hierdie periode was ek betrokke by verskeie komitees, onder andere:

- Dagbestuur (met gedelegeerde magte vanaf die SBL om dringende omkeerbare besluite namens die SBL te bespoedig)
- Dissiplinêre komitee (hantering van dissiplinêre sake van leerders en ook soms SBL personeel)
- Finansiële komitee (begrotings en finansiële beplanning, oorsig oor finansiële bestuur, finansiële beleid en sterkte van kontroles, finaliseer van state)
- Personeelkomitee (onderhoud- en aanstellingskomitees, strategiese aanpassings in personeelkorps oor tyd in lig van veranderende behoeftes)
- Akademiese komitee (oorweging van uitbreidings of inkortings tot die kurrikulum wat aangebied word, beheerliggaam-insette in skoolverbeteringsplan)
- Verskeie ad-hoc komitees (kleredragtenders, nasorguitbreiding, reëlingskomitee vir Pa-kind oorslaap, ens)

Die areas waar ek nooit betrokke was nie (bv. bemarking of instandhouding) het meer te doen met gebrekkige vaardighede as ‘n onwillige hart.

Motivering
Ek glo ook ek het ‘n goeie verstaan van die optimering van die funksionering van beheerliggame, beide uit my betrokkenheid by die SBL van Laerskool De Tyger asook my interaksie met die Old Mutual direksie.